36-04

LEBOWA REGERINGSDIENS.

Verw.:6/3: Batlhabine.
Navrae: Mnr Boon.
Tel.: Letaba 41.

Kantoor van die-
MAGISTRAAT, NAPHUNO,
PRIVAATSAK,
TZANEEN.
17 Desember 1970.

DEPT. VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING
ETNOLOOG/ETHNOLOGIST
21 -12-1970
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG 9322
PIETERSBURG
DEPT. OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

Die Etnoloog,
Privaatsak 9322,
PIETERSBURG.

DIE BATLHABINE VAN MOGOBOYA.

Dankie vir die besonderhede soos verstrek onder u verwysing 36-04 van 27 Oktober 1970.

Die Kaptein, Jackson Mogoboya, H.E.Rakgoale en Alex Mogale het op 2~~N~~ November aan my 'n lys gegee van die persone wie hulle meen op die Stamowerheid moet dien. Al die hoofmanne, soos op die vergadering van ~~6~~ 16 Oktober 1970 genoem, verskyn op hierdie lys.

Wat die Bakgomana betref, is daar egter 'n verskil, tewete die weglating van beide Solomon Mogoboya en Jackson Mogoboya en die byvoeging van Abram Thabe Mogoboya.

As bykomstige raadslede is genoem H.E.Rakgoale( wat gelyktydig ook as die stam se verteenwoordiger op die Streeks- en Gebiedsowerheid moet dien), Andries Machete, Jackson Phalane en Alex Mogale.

Omdat die deputasie bestaan het uit twee wat wel bevoeg is om op die stamraad te dien maar twee wat nie vroeër as Bakgomana genoem was nie, het ek die Kaptein om 'n verduideliking gevra.

Op 3/11/1970 het die Kaptein,
William Mogoboya,
Abram Thabe Mogoboya (volbroer),
Abram Tebele Mogoboya, en
Jackson Leshaba Mogoboya, by die kantoor aangemeld en die twee verduidelikkende briewe van 3 November 1970 aan my oorhandig.

Dit wil dus voorkom dat die stamregering moet bestaan uit:
Die Kaptein,
42 Hoofmanne,
4 Familie Raadgewers ( Bakgomana) en
4 ander raadslede, wat dan sal meebring dat die stamowerheid uit 51 lede( insluitende die Kaptein) moet bestaan.

Voordat ek by die Hoofdirekteur 'n aanbeveling maak dat die getal wat vir hierdie stamowerheid vasgestel is gewysig moet word na 51, verneem ek graag van u af daar vanuit 'n etnologiese oogpunt beskou, korrek opgetree is wat betref die weglating en byvoeging van persone soos aan ons meegedeel op die stamvergadering van 16 Oktober 1970. Al verduidelikking wat die Kaptein kan gee is dat die weggelate persone nie Bakgomana is nie en dat daar destyds vergeet is ~~m~~ van die persone wie se name nou bygevoeg is. Dit klink vir my baie onwaarskynlik maar miskien het daar intussen iets gebeur om sake om te krap want wat Charles Solomon Mogoboya betref, is daar ook nou 'n versoekskrif ingedien vir sy onmiddelike verwydering uit die gebied. 'n Afskrif daarvan gaan ook hierby.

[signature]

MAGISTRAAT. NAPHUNO.

South African History Archive SAHA